**Woensdag 26 Augustus**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Markus 1:1-20 (oav)**

**Die Bruidegom wat alles nuut maak, is Vergewer van sondes, Koning en Geneesheer**

Die eerste man wat die versekering van vergewing van sy sondes ontvang, is 'n verlamde wat nie eens self na Jesus toe kan loop nie (vs 5). As bewys aan die Skrifgeleerdes, wat Hom van godslastering verdink, maak Hy die man gesond en bevestig daarmee dat God se seën op vergifnis rus.

Hy stel nie net belang in hulle wat om hulp vra nie, maar Hy gaan haal ook hulle wat Hy nodig het. Só iemand is Levi, 'n amptenaar van Herodes, 'n tollenaar van die Romeinse owerheid, wat geroep word om onder die groter gesag van Jesus te kom staan. Wanneer Levi alles agterlaat en Hom volg, toon Hy dat Hy nie maar 'n profeet of wonderwerker is nie, maar Koning van die konings (vs 14).

Wanneer Levi 'n maaltyd by sy huis hou, word dit duidelik dat daar twee groepe mense is: dié wat hulleself sondeloos of gesond ag (Fariseërs) en die Geneesheer daarom nie nodig het nie, en dié wat hulle nood en sonde ken en deur Jesus opgeroep word tot bekering (vs 17).

In hierdie gebeure staan die Bruidegom telkens sentraal. Hy vergewe sondes en genees en roep. Terwyl Hy hier is, kan sy volgelinge nie inval by die gebruiklike vastye van die Jode nie. Hy is soos nuwe lap en nuwe wyn, en kan nie by 'n ou lewenswyse en 'n ou feeskalender ingepas word nie. Hy kom nie om by die oue ingepas te word nie, maar om alles nuut te maak.

Probeer jy dalk om Hom by jou lewe en jou roetine van vandag in te pas, of bepaal juis Hy jou lewe en jou roetine? Anders gevra: Is hierdie Verlosser en Koning en Geneesheer die spil waarom jou nuwe lewe draai?

*Sing: Psalm 118:11, 13*
*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*